

## Om te dien en te red



---

### SABBATMIDDAG

#### **Skrifverwysings vir hierdie week se studie:**

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 41, spesifiek verse 1-7, hfst. 44:26 tot 45:6, asook hfst. 49:1-12.

#### **Geheueteks:**

“Dáár is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel ’n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring” (*Jesaja 42:1, OAB*).

**B**ie mense meen dat dit ’n groot voorreg moet wees om die plekke te besoek waar al die groot oomblikke van Christus se aardse sending hom afgespeel het. Om te loop waar Hy geloop het. Om die meer te sien waar Hy graag die mense geleer het, en ook die heuwels en die valleie waaroor Hy dikwels uitgekyk het. Tog hoef ’n mens nie Nasaret, Kapernaüm of Betanië te besoek ten einde in die voetspore van Jesus te volg nie. Sy voetspore is by siekbeddens, in die krotbuurte waar die armes woon, in die oorvol stegies van die groot stede, en orals waar daar mense is wat behoefte aan hulp en vertroosting het. As ons doen wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was, kan ons ook gaan waar Hy gegaan het” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 640). Jesaja praat van ’n dienskneg van die Here met ’n soortgelyke sending van genade: “’n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, ’n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie” (*Jes. 42:3, NAB*); ’n persoon “geroep in geregtigheid... om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit” (*vers 6 en 7, OAB*). Kom ons kyk nou na dié Dienskneg. Wie is Hy, en wat presies vermag Hy?

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 27 Februarie.*

## ‘n Dienende volk (*Jesaja 41*)

**In Jesaja 41:8 praat die Here van “Israel, my kneg” (OAB; “my dienaar, Israel,” NAB), en in hfst. 42:1 van “my Kneg” (NAB en OAB). Wie is hierdie dienskneg?**

---

Wie is hierdie dienskneg/dienaar? Is dit Israel – oftewel Jakob – die voorsaak van die Israeliete? Of verwys dit na Israel as ’n volk? Of is dit die Messias – oftewel die Christus – wat in die Nuwe Testament as Jesus geïdentifiseer word? Hierdie verwysings na ’n spesiale dienskneg van die Here kan in twee groepe verdeel word, twee diensknegte wat beide ’n deurlopende motief in hoofstukke 41-53 vorm. Die een het altyd die woordjie “Israel” (of “Jakob”) by. Voorbeelde hiervan is Jesaja 41:8; hfst. 44:1, 2 en 21; hfst. 45:4; asook hfst. 48:20. Let op die feit dat God Israel direk in hierdie teksverse aanspreek, in die teenswoordige tyd. Duidelik is dié Israel-dienskneg ’n versinnebeelding van die nasie wat uit Jakob gekom het. Hierdie uitleg word gerugsteun deur die feit dat redding vir hierdie simboliese Jakob-figuur – die Here se “dienaar Jakob” – op dieselfde tyd kom as wanneer hy Babel moes verlaat (*Jes. 48:20*). Op ander plekke (*soos Jesaja 42:1, hfst. 50:10, hfst. 52:13 en hfst. 53:11*) het dié dienskneg-figuur geen eienaam by nie. Wanneer ’n mens hom die eerste maal in Jesaja 42:1 teëkom, is sy identiteit nie dadelik duidelik in die Engels nie [hoewel die gebruik van die hoofletter in die Afrikaans oombliklik uitsluitel gee]. Jesaja bou mettertyd ’n profiel vir hierdie tweede dienskneg-figuur in die daaropvolgende skrifgedeeltes op. So kom dit dan later aan die lig dat hierdie dienskneg ’n persoon is wat die stamme van Jakob (oftewel Israel) weer met die Here sou versoen (*Jes. 49:5, 6*) en dat hy as offerlam ’n soendood vir sondaars sou sterwe (*Jes. 52:13 tot 53:12; lees ook hfst. 49:5, 6*). Die tweede dienskneg is dus ’n persoon, en nie die volk Israel nie. Duidelik het ons twee diensknegte in Jesaja, wat albei deur die profeet as dienaars van die Here beskou word. Die een is ’n groep (’n nasie), en die ander ’n individu.

**Wat is die rol van die volk as dienaar? *Jes. 41:8-20.***

---

Hier gee God die versekering dat Israel as ’n volk nog steeds die dienskneg van die Here is: “Jy is my kneg; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie” (*Jes. 41:9, OAB*). Daarna gee Hy een van die mees aangrypende bybelbeloftes aan die volk: “Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand” (*Jes. 41:10, OAB*). Een van die grondbeginsels wat Israel moet uitleef – wat ’n mens hier en in die daaropvolgende teksverse sien – is dat hulle vir hul redding op die lewende God moet vertrou (en nie soos koning Agas moet optree wat nie dit wou doen nie). Israel moet nie soos die omliggende nasies op ander gode en afbeeldings van daardie gode staatmaak nie (*Jes. 41:7, 21-24, 28 en 29*).

## Die dienaar sonder naam (*Jes. 42:1-7*)

**Die naamlose dienskneg word deur God gekies, 'n persoon op wie Hy sy Gees uitstort. Watter soort karakter het dié dienskneg en watter rol speel Hy? *Jes. 42:1-7*.**

---

Kies die beste antwoord of kombinasie van antwoorde:

1. Hy bring geregtigheid aan die nasies.
2. Hy voer al sy take stilweg en saggies uit, maar behaal nietemin sukses.
3. Hy is 'n leermeester.
4. Hy is 'n vergestaltung van die verbond tussen God en sy volk.
5. Hy bring lig en hoop deur blindes te genees en gevangenes vry te laat.
6. Al die bogenoemde take/eienskappe.

**Hoe vergelyk die rol en karakter van hierdie dienskneg met dié van die “Takkie... [wat] uitspruit uit die stomp van Isai,” op wie die Gees van die Here ook rus (*Jesaja 11*)?**

---

Die Dawidiese heerser wat hier in *Jesaja 42* beskryf word, tree net soos die een in *Jesaja 11* op – te wete, in harmonie met God se wil. Hy bring reg en geregtigheid, en bevryding vir die onderdrukte, asook wysheid van Bo en kennis oor God. Ons het voorheen gesien dat hierdie “takkie” en “wortel” van Isai die Messias is. Hy is *Jesaja 9:5* en *6* se Seun uit die hemel – wat ook “vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk” bring, en wat al hierdie dinge “deur reg en deur geregtigheid” laat geskied (*Jes. 9:6, OAB*). Die dienskneg in *Jesaja 42* is duidelik die Messias.

**Hoe identifiseer die Nuwe Testament dié Dienskneg van *Jesaja 42:1-7*, die een wat reg en geregtigheid bring? *Matt. 12:15-21*.**

---

*Matteus 12* haal uit *Jesaja 42* aan, en pas dit op Jesus – God se geliefde Seun in wie Hy 'n welbehag het (*Jes. 42:1; Matt. 3:16, 17; Matt. 17:5*) – se stille en genesende bediening toe. Dit is dié Jesus wie se bediening 'n herbevestiging van God se verbondsverhouding met sy volk teweegbring (*Jes. 42:6, Dan. 9:27*). Jesus en sy dissipels het reg en geregtigheid aan die mense gebring deur hulle van lyding, onkunde oor God, en van bose geeste te bevry – alles dinge wat deur Sataniese onderdrukking veroorsaak is (*Lukas 10:19*). Daarna het Jesus aan die kruis gesterwe om die “nuwe verbond” (*Matt. 26:28, NKJV*) te bekragtig; en om reg en geregtigheid op aarde te bring deur Satan uit te werp, die indringer wat die rol en titel van “owerste van hierdie wêreld” (*Joh. 12:31-33, NRSV*) vir homself toegeëien het.

## 'n Persiese “Messias” (*Jes. 44:26 tot 45:6*)

**Watter verbasende voorspelling word in Jesaja 44:26 tot 45:6 gemaak?**

---

Jesaja se bediening strek van ongeveer 745 tot 685 v.C. Nadat hy praat van 'n veroweraar wat vanuit die ooste en die noorde kom (*Jes. 41:2, 3, 25*) en indirek sê dat dit goeie nuus vir Jerusalem is (*Jes. 41:27*), kom die ongelooflik akkurate deel van die profesie: hy noem pertinent wie dit is – Kores – asook wat hy gaan doen. Kores het inderdaad in 539 v.C. vanuit die noorde en ooste gekom, en Babel verower, en hy hét die Here gedien deur die Judeërs uit hul ballingskap in Babilon te bevry; en Kores het inderdaad ook die dekreet vir die herbouing van die tempel in Jerusalem uitgevaardig (lees *Esra 1*). Kom ons doen 'n sommetjie en delf dan flussies in die geskiedenis ten einde die verstommende aard van dié profesie beter te verstaan. Ongeveer 146 jaar het verloop tussen Jesaja se dood en die val van Babel. Met ander woorde, Jesaja se profesie beskryf gebeure 'n hele 150 jaar voordat dit gebeur het – dit sou byna wees soos sir Philip Wodehouse, die Goewerneur van die destydse Kaapse Kolonie, wat in 1870 aankondig dat 'n man genaamd Nelson Mandela in die 1990's in Suid-Afrika vrygelaat gaan word en die eerste demokratiese verkiesing in 1994 gaan wen! 'n Verskeidenheid antieke tekste bevestig Kores se optrede [m.b.t. die Judeërs]; onder meer die Babiloniese annale, met Kores se eie verslag wat in die sogenaamde “Kores-silinder” vervat is, asook die Bybelse verslag (*2 Kron. 36:22 en 23, Esra 1; asook Daniël 5, hfst. 6:28 en hfst. 10:1*). Die akkuraatheid van Jesaja se profesie is ongetwyfeld korrek. Dit bevestig ook die oortuiging van diegene wat glo dat ware profete akkurate voorspellings van die Here ontvang, dat hulle inderdaad vêr in die toekoms kan sien.

**In hoofstuk 45:1 sê Jesaja: “So sê die Here aan sy gesalfde, aan Kores...” (NAB en OAB, klem verskaf). Waarom noem die Here hom sy gesalfde?**

---

Die Hebreuse woord wat as “gesalfde” vertaal word, is die stamwoord waaruit die begrip Messias afgelei word. Elders in die Ou Testament verwys hierdie begrip “gesalfde” na 'n aantal dinge: na 'n geordende hoëpriester (*Lev. 4:3, 5, 16; Lev. 6:22*), na 'n gesalfde koning in Israel van ouds (*1 Sam. 16:6, hfst. 24:6 en 10, asook 2 Sam. 22:51*); of na die Messias, 'n toekomstige en ideale koninklike figuur wat die Jode sou bevry (*Ps. 2:2; Dan. 9:25, 26*). Vanuit Jesaja se oogpunt was Kores 'n toekomstige koning, een wat deur God gestuur is om sy mense te verlos. Kores was egter 'n ongewone messias, aangesien hy nie 'n Israeliet was nie. Party van die dinge wat hy sou doen, stem wel met dié van die uiteindelige Messias ooreen, soos om God se vyande te oorwin en sy volk uit ballingskap te bevry. Nietemin kon Kores nie 'n volwaardige Messias wees nie, aangesien hy nie 'n afstammeling van Dawid was nie. Deur die koms van Kores te voorspel, toon die Here sy unieke Goddelikheid – die toekoms is aan Hom, en Hom alleen, bekend (*Jes. 41:4, 21-23, 26-28; Jes. 44:26*). Die Here reik boonop uit na Kores: “En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel” (*Jes. 45:3, NAB*).

## Hoop vooruitgee

Die feit dat Jesaja honderd persent akkuraat met die Kores-profesie was, ontstig mense wat nie daarin glo dat profetiese voorspellings van die Here kom nie. Hulle probeer dit wegredeneer deur aan te voer dat 'n ander profeet – 'n “tweede Jesaja” wat in die tyd van Kores geleef het – hoofstukke 40-66 geskryf het. Sodoende tref dieselfde ramp die boek Jesaja as wat die persoon Jesaja volgens oorlewering te beurt geval het – te wete om “in stukke gesaag” te word (*lees Heb. 11:37*). Daar is egter geen historiese bewyse vir die bestaan van 'n sogenaamde tweede Jesaja nie. As hy wel bestaan het, is dit vreemd dat die Bybel glad nie van hom praat nie; inaggenome die ongelooflike belangrikheid van sy boodskap en die merkwaardige vakmanskap van sy letterkunde. Nie eers die oudste beskikbare bronteks van dié bybelboek – die Qumran-rolle se Jesaja – het enige breuk tussen Jesaja 39 en 40 nie (wat 'n verandering van skrywer in daardie werk sou aantoon nie).

Die kernboodskap in Jesaja bly deurgaans onveranderd: vertrou op die lewende God, insluitende sy messiaanse Bevryder, in plaas van op ander magte. Bybelgeleerdes toon tereg 'n fokusverskuiwing, van die Assiriese tydperk van Jesaja 1-39 na die Babiloniese tydperk in hoofstukke 40 en die daaropvolgende hoofstukke. Tog was Jesaja alreeds 'n Babiloniese ballingskap in hoofstukke 13-14 asook 39 te wagte. Dit is wel so dat die klem in Jesaja 1-39 op God se oordele, en in hoofstukke 40-66 op vertroosting val. Nietemin is daar volop voorbeelde van hoe God in die eerste klompie hoofstukke van Jesaja vir Juda vertroos en hulle die nodige versekering gee; en in die laaste derde van die boek (*in gedeeltes soos hfst. 42:18-25, 43:22-28 en 48:1-11*) sê dat Hy sy oordele oor Juda bring omdat hulle Hom versaak het. Om die waarheid te sê: die tye van gemak wat Jesaja voorspel, lê in die toekoms, en dit impliseer dat die volk intussen swaarkry en lyding moet deurmaak.

**Hoewel verskriklike rampe die volk inderdaad te beurt geval het vanweë hul sondes, het party van die Judeërs nie moed opgegee nie. Diesulkes het vaseklou aan God se beloftes, soos dié wat in Levitikus 26:40-45 beskryf word. Lees aandagtig deur hierdie teksverse. Probeer om in die skoen te staan van diegene wat die Babiloniese aanval teen Juda oorleef het. Watter hoop was daar uit hierdie skrifgedeelte vir dié oorlewendes te put?**

---

---

**Watter beginsel is hier in Levitikus in werking? Wat probeer die Here vir sy volk hier sê? Hoe werk hierdie beginsel in ons eie lewens?**

## 'n Meelewende en lydende Dienskneg (Jes. 49:1-12)

**Wie is dié “dienaar” van wie Jesaja in hfst. 49:1-12 praat?**

---

Reeds voor sy geboorte roep die Here hierdie dienaar en gee hom sy naam. Hy maak sy mond soos 'n swaard. Dit is 'n persoon wat eer en heerlikheid aan die Here bring. Die Here gebruik hierdie dienaar om die volk terug te bring na Hom; om 'n lig te wees wat verlossing aan die nasies bring, om 'n verbond te wees, en om die gevangenes vry te laat. Hierdie beskrywing stem in vele opsigte met dié in Jesaja 42 ooreen, waarin ons die dienaar as die Messias geïdentifiseer het. Die Nuwe Testament bespeur die dienaar-eienskappe by Jesus Christus, en boonop in sy eerste én wederkoms: *Matt. 1:21, Joh. 8:12, hfst. 9:5, hfst. 17:1-5, Op. 1:16, hfst. 2:16 en hfst. 19:15.*

**Waarom noem die Here hierdie dienaar dan Israel, as laasgenoemde dan die Messias is (Jes. 49:3)?**

---

Ons het voorheen gesien dat die dienaar van die Here wat die naam “Israel/Jakob” by het, in hoofstuk 42 na God se volk verwys. Hier in Jesaja 49 is die naam “Israel” (wat hier sonder die parallelle benaming “Jakob” gebruik word) egter duidelik op die dienaar-as-individu van toepassing, die een wat die volk weer sou teruglei na God (*Jes. 49:5*). Die dienaar-as-individu word nou die volmaakte beliggaming of verteenwoordiger van 'n volk wat glad nie die naam “Israel” (*Jes. 48:1*) gestand gedoen het nie.

**Watter nuwe elemente kom 'n mens hier in Jesaja 49 teë? Verse 4 en 7.**

---

Hier het ons die eerste aanduiding van hoe moeilik dié dienaar-figuur se sending uiteindelik sou wees. Let op sy klag: “Wat ek doen, is nutteloos. Ek het tevergeefs geswoeg!” (*Jes. 49:4, NLV*), 'n begrip wat in Daniël 9:26 weerklank vind: “die gesalfde leier [sal] doodgemaak word. Hy sal niks besit nie” (*NLV*). Nietemin staan die dienaar vas in sy geloof: “Nogtans is my reg by die Here, en my loon is by my God” (*Jes. 49:4, OAB*). In dié verband skryf J. Alec Motyer: “Jesaja het dus 'n eg menslike Dienskneg ver wag wat net soos ons getoets sou word, maar wat homself as die leidsman en die voleinder van die geloofpad sou bewys – van 'n ware geloof, 'n persoonlike geloof, wat steeds van ‘my God’ kan praat wanneer niks meer die moeite werd lyk nie” (*The Prophecy of Jesaja: An Introduction and Commentary* [Downers Grove, Illinois: InterVarsity Press, 1993], bl. 387). Jesaja 49:7 is skokkend. Hierdie dienaar-figuur sou “diep verag... deur die nasies verafsku word” en “'n dienaar van regeerders” wees (*NAB*).

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se beskrywing van Jesus se bediening van genesing en onderrig, in die gedeelte, “At Capernaum,” in *The Desire of Ages*, bl. 252-261. “Sieleredding benodig geweldig baie takt en wysheid. Die Heiland het nooit gehuiwer om die waarheid te praat nie, hoewel Hy dit altyd op ’n liefdevolle wyse gedoen het. Wanneer Hy met ander te doen gehad het, het Hy altyd takt aan die dag gelê. Jesus was altyd vriendelik en bedagsaam. Hy was nooit onbeskof nie en was nooit kwaai met ander sonder ’n geldige rede nie, en het nooit onnodige pyn aan gevoelige persone gebring nie. Die Heiland het nie menslike swakheid veroordeel nie. Skynheiligheid, ongelooft en ’n sondige lewenswyse – dié het Hy inderdaad sonder skroom veroordeel. Nietemin kon ’n mens die hartseer in sy stem hoor wanneer Hy ander skerp moes veroordeel. Hy het nooit die waarheid in iets wreed omskep nie. Nee, sy optrede het altyd ’n opregte tederlikheid vir die mensdom weerspieël. Elke liewe mens was kosbaar in sy oë, alles het Hy met ’n Goddelike waardigheid gedoen; en tog het Hy ander met die mees tederlike medelye gedien, met ’n hoë agting vir elke lid van God se aardse gesin. Vir Christus was elkeen met wie Hy te doen gehad het ’n kosbare siel wat Hy moes red” (Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 117).

## Vrae vir bespreking:

1. Lees as ’n klas tesame deur die bogenoemde Ellen G. White-aanhaling, oor die wyse waarop Christus mense tydens sy aardse bediening behandel het. Bespreek die beginsel wat daaruit blyk. Bespreek ook hoe goed die gemeente hierdie beginsels as ’n groep gelowiges uitleef.
2. ’n “Geknakte riet” en ’n “lamppit wat dof brand” (Jes. 42:3, NAB) – ken jy iemand wat so is? Hoe kan jy so iemand help sonder om hom/haar “af te breek” of “uit te doof?” Hoe gemaak om sulke persone na die Here te lei? Dink nou prakties: hoe kan jy daardie persoon sover bring om genesing en hulp te gaan soek?
3. Die redenasie dat Jesaja deur twee verskillende persone geskryf is, steun op die siening dat mense nie in staat is om die soort akkurate voorspellings te maak soos wat die profeet Jesaja inderdaad gedoen het nie. Hoekom is dit egter nie ’n geldige sienswyse nie, en hoekom behoort ons as Christene hierdie aanname summier te verwerp?

**Opsomming:** Bevryding vereis ’n Bevryder. God se dienende volk sou deur twee dienskneg-figure verlos word: Kores, wat die Judeërs uit Babilon en ballingskap sou bevry; en ’n naamlose Dienskneg, wie se identiteit as Messias algaande onthul word. Dit is hierdie Dienskneg (met ’n hoofletter D) wat reg en geregtigheid aan die volk sou bring, en wat die oorlewendes as ’n gemeenskap terug na die Here sou lei.